# 7 'N KORT GESKIEDENIS VAN DIE PRIMêRE SKOLE IN DIE VRYHEIDSE DISTRIK: 1910-1975

## 7.1 INLEIDING

Ten spyte van die instelling van skoolplig in 1910 het min skole in die Vryheidse distrik tot stand gekom aangesien die dorpskool op Vryheid tot in daardie stadium die enigste onderwysinrigting in die distrik was en die vereistes vir skoolplig slegs dié kinders geraak het wat nader as 3 myl van die skool gewoon het.

Dit was eers vanaf 1912 toe die Onderwysdepartement besluit het om finansiële steun te gee vir die oprigting van skool=geboue en onderwyserskwartiere by staatsondersteunde skole, dat distrikskole tot stand gekom het.

Vanaf 1918 het die onderwysowerheid probeer om in 'n groter mate te sentraliseer en deur die skepping van losiesgeriewe en vervoerdienste die aantal skole te beperk tot die groter sentra of kernpunte van die distrik. Op hierdie wyse kon meer omvattende onderwys aangebied word.

## 7.2 DIE SKOOL OP VAALKRANS

### 7.2.1 Stigting en bestaan

Die skool het sy ontstaan in 1917 op die plaas Uitvlucht van J.M. Beukes gehad. Daar was slegs een klaskamer vir 28 leerlinge en 2 onderwysers. 'n Kamer in die huis van Beukes is as addisionele klaskamer ingeruim. (1)

---

(1) McLeod, J.: Brief aan Sekretaris, Onderwysdepartement. Pietermaritzburg, 1918-11-05. (36 D).

In 1918 het Beukes grond geskenk aan die Onderwysdepartement vir die oprigting van 'n skoolgebou. (2)

Vanweë 'n daling in die leerlingtal het die skool in 1928 gesluit en is die skoolgebou na Vetspruitskool verskuif as woning vir die hoof aldaar. (3)

### 7.2.2 Leerlingtal, personeel en onderwyspeil

Die skool het begin met 'n leerlingtal van 28. In 1919 was daar reeds 36 leerlinge in die skool. Die leerlingtal het redelik konstant gebly tot 1926 toe 'n skerp daling ondervind is. In 1927 was daar nog slegs 11 leerlinge in die skool en het die skool 'n staatsondersteunde skool geword tot in 1928 toe dit gesluit is. (4)

Die volgende tabel gee 'n beeld van die leerlingtal aan die skool Vaalkrans.

| Jaar | Ingeskrewe leerlinge | |
|---|---|---|
| 1917 | 24 | (5) |
| 1920 | 33 | (6) |
| 1923 | 33 | (7) |
| 1925 | 24 | (8) |

---

(2) McLeod, J.: Brief aan Sekretaris, Onderwysdeparte= ment. Pietermaritzburg, 1918-09-19. (ED 3/4000).

(3) Ibid., 1934-06-23. (D 10/6/34).

(4) Ibid., 1927-09-14. (D 42/9/27).

(5) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1917).

(6) Ibid. (NED 1920).

(7) Ibid. (NED 1923).

(8) Ibid. (NED 1925).

| | | |
|---|---|---|
| 1927 | 18 | (9) |
| 1928 | 12 | (10) |

Aangesien onderwys by die skool goed was, moet die daling in leerlingtal toegeskryf word aan die feit dat die gemeen= skap gevestig was en daar dus nie nuwelinge tot die skool toegetree het nie.

Die hoof van die skool was J.M. de W. Brandt en die assis= tent mej. J.M. Brandt. (11) Met die sluiting van die skool het mev. Blignaut opgetree as hoof. (12)

Die skoolure was vanaf 08h30-12h00 en vanaf 13h00-14h30. Die medium van onderrig was Afrikaans. Volgens die inspek= teur se verslag was die onderrig aan hierdie skool goed. (13)

## 7.3 DIE PENVAANSE SKOOL

### 7.3.1 Stigting en bestaan

Die skool het sy ontstaan gehad in 1924 as die Almansdrift= plaasskool op die plaas Almansdrift van mev. J.M. Nel. (14)

---

(9) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1927).

(10) Ibid. (NED 1928).

(11) McLeod, J.: Brief aan Sekretaris, Onderwysdepartement. Pietermaritzburg, 1918-09-16. (ED 3/4000).

(12) Ibid., 1927-09-14. (D 42/9/27).

(13) Brand, Mej. J.M.: Brief aan inspekteur J. McLeod. Penvaan, 1919-11-30.

(14) Sekretaris, Onderwysdepartement: Brief aan mev. J.M. Nel. Pietermaritzburg, 1925-01-24. (ED 135/ N/25).

In 1925 is daar deur die Onderwysdepartement toestemming verleen om die skool te omskep in die Penvaan Staatsonder= steunde skool. (15)

Die skool het aan die einde van Maart 1930 gesluit. (16)

Die Springfonteinplaasskool op die plaas van ene Repsold was ongeveer 1 kilometer vanaf Penvaanskool. Hier is 4 leerlinge onderrig deur mej. van der Vyver. Die inspekteur was van mening dat die twee skole moes saamsmelt, maar Rep= sold het geweier aangesien 'n spruit die twee skole geskei het en die leerlinge van Springfontein gedurende die reën= seisoen nie die skool op Penvaan kon besoek nie. (17)

Die Departement van Onderwys se reaksie was dat die plaas= skoolsubsidie vanaf 1926 nie meer aan die Springfonteinskool betaal moes word nie. (18)

### 7.3.2 Leerlingtal, personeel en onderwyspeil

---

(15) Sekretaris, Onderwysdepartement: Brief aan mev. J.M. Nel. Pietermaritzburg, 1925-10-07. (ED 1/4416).

(16) Sekretaris Onderwysdepartement: Brief aan Provinsiale sekretaris. Pietermaritzburg, 1930-04-01. (ED 12/ 4416).

(17) Davies, E.: Brief aan inspekteur J. McLeod. Pieter= maritzburg, 1925-10-24. (ED 1/4416).

(18) Sekretaris, Onderwysdepartement, E. Davies: Brief aan inspekteur J. McLeod. Pietermaritzburg, 1925-10-24. (ED 1/4416).

Leerlingtal aan die skool Penvaan:

| Jaar | Ingeskrewe leerlinge | |
|---|---|---|
| 1924 | 11 | (19) |
| 1925 | 15 | (20) |
| 1926 | 14 | (21) |
| 1927 | 19 | (22) |
| 1928 | 25 | (23) |
| 1929 | 15 | (24) |

In 1924 het die skool begin met 11 ingeskrewe leerlinge en het in 1928 die maksimum van 28 leerlinge bereik. Die getal=le het in 1929 gedaal tot 15 en in 1930 is die skool gesluit. Die daling in leerlingtal moet gesien word as ŉ normale ontwikkelingsfase van ŉ gevestigde gemeenskap.

Met die opening van die skool was mej. S.J. Nel onderwyser=es. Vanaf 1926 was mej. D.F. Waldeck hoof. Inspekteur P. Fouche berig na inspeksie by mej. Waldeck dat onderrig in albei tale gegee word, dat die leerlinge goed Engels lees, netjies skryf, dat hulle Afrikaans goed is, maar dat hulle min punte in Wiskunde kry. (25)

G.R. Opperman was in 1929 hoof van die skool en vir die eerste drie maande van 1930, voor die skool gesluit is, was mej. Wiese hoof.

---

(I9) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1924).

(20) Ibid. (NED 1925).

(21) Ibid. (NED 1926)

(22) Ibid. (NED 1927).

(23) Ibid. (NED 1928).

(24) Ibid. (NED 1929).

(25) Fouché,P.: Inspeksieverslag van die Penvaanskool, I926-I0-30.

## 7.4 DIE SKOOL OP UITKOMST

### 7.4.1 Stigting en bestaan

Die skool het sy ontstaan gehad in 1911, maar is in Desember 1914 gesluit. Op 'n ouervergadering, gehou in 1915, het dit geblyk dat die leerlingtal nie die voortbestaan van die skool regverdig nie. (26)

Toestande het egter verander en in 1918 is die skool weer heropen. Die skool is aan die einde van 1936 finaal gesluit en daar is aansoek gedoen om die skoolgebou te verskuif na Frisgewaagd vir 'n skool aldaar. (27)

### 7.4.2 Akkommodasie

In 1920 het die hoof, F. van Zyl Jansen, aansoek gedoen vir die oprigting van 'n skoolhuis. Die Departement van Onderwys was egter teensinnig om aan die versoek te voldoen aangesien die leerlingtal dit nie regverdig het nie. (28)

Van Zyl Jansen se verblyfposisie was egter benard aangesien die skoolgebou, wat uit slegs twee kamers bestaan het, ook as woonhuis vir die onderwyser moes dien. Een kamer is gebruik om 34 leerlinge te huisves terwyl die ander kamer gedien het as huis vir V.Z. Jansen, sy vrou en twee kinders.

---

(26) Bryan, H.: Brief aan Superintendent van Onderwys, C. Mudie. Pietermaritzburg, 1915-06-06. (D 7/18/1).
(27) Fouché, P.: Brief aan Superintendent van Onderwys, F.D. Hugo. Dundee, 1937-03-19. (ED 30/1673).
(28) Dukes, H.R.: Brief aan inspekteur J. McLeod. Pieter=maritzburg, 1920-10-18. (ED/11/1673).

Toe (?) Kritzinger, bewoner van die plaas waarop die skool was, dus 4 akkers grond ongeveer 1 kilometer van die bestaande skool, vir die oprigting van 'n woonhuis vir F.v.Z. Jansen skenk, het die Departement van Onderwys besluit om die skoolgebou ook daarheen te verskuif. (29)

### 7.4.3 Skoolkomitee

Die skoolkomitee vir 1935 het bestaan uit K. Beneke (voor=sitter), D.B. Fourie (sekretaris) en A. Kunzmann. (30)

### 7.4.4 Leerlingtal en personeel

Die skool is in 1918 geopen met 15 ingeskrewe leerlinge. In 1920 het die skool 34 leerlinge gehad waarna die getal=le mettertyd gedaal het totdat die skool in 1936 finaal gesluit is.

Leerlingtal aan die skool Uitkomst:

| Jaar | Ingeskrewe leerlinge | |
|---|---|---|
| 1918 | 15 | (31) |
| 1920 | 34 | (32) |
| 1925 | 33 | (33) |

---

(29) McLeod, J.: Brief aan Superintendent van Onderwys. Pietermaritzburg, 1921-02-10. (ED 96/9).

(30) Fourie, D.B.: Brief aan inspekteur P. Fouché. Uit=komst, 1935-02-06. (D9/61/35).

(31) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1818).

(32) Ibid. (NED 1920).

(33) Ibid. (NED 1925).

| | | |
|---|---|---|
| 1928 | 27 | (34) |
| 1932 | 15 | (35) |
| 1935 | 12 | (36) |

F. van Zyl Jansen was vanaf 1917, toe die skool geopen het, hoof van die skool. In 1924 het mej. A.G.P. van Rooyen tot die personeel toegetree. G.K. Dalehout was vanaf 1930 hoof, totdat hy in 1931 deur A.C. Venter as hoof opgevolg is. Vanaf 1 Augustus 1933 was D.B. Fourie hoof van die skool tot met die sluiting van die skool in 1936. (37)

## 7.5 GESKIEDENIS VAN DIE SKOOL ZWARTFOLOZI

### 7.5.1 Stigting en bestaan

Die skool is in 1917 geopen en is in Junie 1952 gesluit. (38)

### 7.5.2 Skoolgeboue en -terrein

Die Zwartfolozi-skool was geleë op die plaas Brakfontein van N.H. Loedolff, die eerste onderwyser van die skool.

---

(34) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1928.

(35) Ibid. (NED 1932).

(36) Ibid. (NED 1935).

(37) Fouché, P.: Brief aan Superintendent van Onderwys H. Bryan. Dundee, 1931-10-20. (ED 18/1673).

(38) Inspekteur van Skole: Verslag aan Direkteur van Onderwys C.M. Booysen. Pietermaritzburg, 1952-07-24. (ED 2/1536).

(39) In 1927 het J.K. van Deventer, die toenmalige hoof, grond op sy eie plaas, 5 kilometer van die bestaande skool, aan die Departement van Onderwys geskenk. Die verskuiwing van die skoolgebou na die nuwe terrein het in Januarie 1928 begin. (40)

Tydens die verskuiwing van die skoolgebou het Van Deven= ter in sy huis onder moeilike omstandighede skoolgehou. Die Departement van Onderwys het met waardering van sy opoffering kennis geneem. (41)

Op 4 Desember 1928 was die skoolgebou opgerig en kon die leerlinge intrek. Die ouers het ook die grond wat Van Deventer aan die Departement van Onderwys geskenk het, omhein. Van Deventer het die Departement van Onder= wys in kennis gestel dat hy van voorneme was om met Land= bou-onderrig te begin en het die Onderwysdepartement om bystand gevra vir die oprigting van 'n windpomp. (42)

Op 10 Desember 1942 is die hout- en sinkgebou geheel en al deur vuur verwoes en moes Van Deventer sy huis weereens vir skooldoeleindes inrig. (43)

Met die sluiting van die skool in 1952 het Glückstadt aansoek gedoen om die skoolgebou oor te neem as hostel. Die Departement van Onderwys het geweier aangesien die gebou te warm was. Die meubels is egter oorgeplaas na

---

(39) Meegedeel deur J. Loedolff.

(40) Fouché, P.: Brief aan Superintendent van Onderwys H. Bryan. Dundee, 1928-01-25. (D 51/1/28).

(41) Ibid., 1928-08-28. (D 17/8/28).

(42) Ibid., 1934-03-14. (ED 15/3/34).

(43) Van Deventer, J.K.: Brief aan Direkteur van Onder= wys R.A. Banks. Zwartfolozi, 1942-12-31.

Glückstadt. (44)

### 7.5.3 Leerlingtal en personeelvoorsiening

Leerlingtal aan die skool Zwartfolozi:

| Jaar | Ingeskrewe leerlinge | |
|---|---|---|
| 1917 | 36 | (45) |
| 1920 | 40 | (46) |
| 1925 | 30 | (47) |
| 1930 | 30 | (48) |
| 1935 | 32 | (49) |
| 1940 | 38 | (50) |
| 1945 | 31 | (51) |
| 1950 | 20 | (52) |
| 1952 | 17 | (53) |

In 1917 is die skool geopen met 36 ingeskrewe leerlinge. Die leerlingtal het baie konstant gebly tot 1948 waarna dit begin afneem het tot in 1952 toe daar maar 17 leer=

---

(44) Inspekteur van skole: Brief aan Direkteur van Onderwys C.M. Booysen. Pietermaritzburg, 1952-07-24. (ED 2/1536).
(45) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1917).
(46) Ibid., (NED 1920).
(47) Ibid., (NED 1925).
(48) Ibid., (NED 1930).
(49) Ibid., (NED 1935).
(50) Ibid., (NED 1940).
(51) Verslag van die Direkteur van Onderwys. (NED 1945).
(52) Ibid., (NED 1950).
(53) Ibid., (NED 1950).

linge in die skool was. Aangesien daar nie meer genoeg kinders in die omgewing was om die bestaan van die skool te regverdig nie is die skool in 1952 gesluit. (54)

Met die opening van die skool was N.H. Loedolff hoof. In Januarie 1922 is hy opgevolg deur J.K. van Deventer teen 'n betaling van R480 per jaar. (55) Van Deventer was hoof tot 1947 toe hy opgevolg is deur P.R. Nel. Nel is in Junie 1949 opgevolg deur D.P. van Zyl wat hoof van die skool was tot met die sluiting daarvan in Junie 1952. (56)

## 7.6 DIE SKOOL OP ZUINGUIN (ZUINGWINI)

### 7.6.1 Oorsig van bestaan

Die skool het in Maart 1917 begin as 'n mynskool. Die grond is geskenk en die skoolgebou opgerig deur Tendega Collieries. Op 27 Augustus 1923 is magtiging deur die Onderwysdepartement verleen om Zuinguin 'n staatsonder= steunde skool te maak. (57)

Vanweë uitbreiding op die myn het die leerlingtal gestyg tot 78 in 1926 waarna dit stelselmatig afgeneem het totdat

---

(54) Verslag van die Direkteur van Onderwys. (NED 1952).

(55) McLeod, J.: Verslag aan Superintendent van Onderwys H.R. Dukes. Dundee, 1922-01-01. (ED 1/6079).

(56) Inspekteur van skole: Brief aan Direkteur van Onder= wys C.M. Booysen. Pietermaritzburg, 1952-07-24. (ED 2/1536).

(57) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1923).

die myn in 1950 gesluit is en die ouers die gebied verlaat het. Die skool se voortbestaan is hiermee ook beëindig. (58)

Leerlingtal aan die skool Zuinguin:

| Jaar | Ingeskrewe leerlinge | |
|---|---|---|
| 1923 | 19 | (59) |
| 1925 | 53 | (60) |
| 1927 | 73 | (61) |
| 1930 | 52 | (62) |
| 1935 | 37 | (63) |
| 1940 | 32 | (64) |
| 1945 | 26 | (65) |
| 1950 | 15 | (66) |

### 7.6.2 Personeel

Die volgende persone het diens gedoen as hoof van die skool: J.M. de W. Brandt (1923-), (67); L.B.Thompson

---

(58) Inspekteur van Skole: Brief aan Direkteur van Onder=wys C.M. Booysen. Pietermaritzburg, 1950-11-10. (ED 2/4288).
(59) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1923).
(60) Ibid. (NED 1925).
(61) Ibid. (NED 1927).
(62) Ibid. (NED 1930).
(63) Ibid. (NED 1935).
(64) Ibid. (NED 1940).
(65) Verslag van die Direkteur van Onderwys. (NED 1945).
(66) Ibid. (NED 1950).
(67) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1923).

(1926-), (68), F. van Zyl Jansen (1930-), (69); J.M. de W. Brandt (1933-), (70), S.W. Pienaar (1935-), (71), en J.G.R. Friend (1947-), (72).

## 7.7 ENYATI

### 7.7.1 Stigting en bestaan van skool

Vanweë die opening van 'n myn op Enyati het die mynowerheid vertoë gerig tot die Departement van Onderwys vir die oprigting van 'n skoolgebou en die verskaffing van onderwys aldaar. 'n Skool is op 4 November 1919 geopen met mej. A. Swart as onderwyseres. (73)

Mej. A. Swart se gesondheid was nie na wense nie en aan die einde van die kwartaal het sy bedank. Sy is in Februarie 1920 deur mej. A.M. Ter Horst opgevolg. Mej. Ter Horst het egter in Julie 1920 bedank. In 1921 is mej. Gouws aangestel as onderwyseres. Vanweë 'n te klein salaris het mej. Gouws nie by die skool opgedaag nie. Mej. Gouws kon nie losies kry nie en moes R18 per maand vir losies in 'n hotel betaal. (74)

---

(68) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1923).
(69) Ibid. (NED 1930).
(70) Ibid. (NED 1933).
(71) Ibid. (NED 1935).
(72) Verslag van die Direkteur van Onderwys. (NED 1947).
(73) McLeod, J.: Brief aan Superintendent van Onderwys H.R. Dukes. Pietermaritzburg. 1919-12-01.
(74) Sekretaris Onderwysdepartement: Brief aan bestuurder Enyati Colliery. Pietermaritzburg, 1921-03-07.

Die skool was hierna tot Augustus 1921 sonder 'n gekwalifiseerde onderwyser. Ten einde die leerlinge aan die gang te hou, het 'n jong man van die myn, L.B. Thompson, die leerlinge elke middag van 15h00 tot 17h00 en Saterdae van 13h00 tot 17h00 onderrig. Thompson het geen vergoeding vir sy werk gevra nie. In Augustus 1921 is mej. J. Carrington toe as onderwyseres aangestel. Na 'n wankelrige begin het die onderwys van toe af beter verloop. (75)

7.7.2 Leerlingtal

Leerlingtal aan die skool Enyati:

| Jaar | Ingeskrewe leerlinge | |
|---|---|---|
| 1919 | 13 | (76) |
| 1930 | 32 | (77) |
| 1940 | 23 | (78) |
| 1950 | 66 | (79) |
| 1960 | 64 | (80) |
| 1970 | 100 | (81) |
| 1975 | 68 | (82) |

Die skool het in 1919 met 13 ingeskrewe leerlinge vir

(75) Dukes, H.R. (Superintendent van Onderwys): Brief aan Provinsiale sekretaris. Pietermaritzburg, 1921-05-07.
(76) Verslag van die Superintendent van Onderwys. NED 1919).
(77) Ibid. (NED 1930).
(78) Ibid. (NED 1940).
(79) Verslag van die Direkteur van Onderwys. (NED 1950).
(80) Ibid. (NED 1960).
(81) Ibid. (NED 1970).
(82) Ibid. (NED 1975).

die eerste keer begin. Hierna het die leerlingtal gestyg tot 32 in 1921 en van 1921 tot 1942 konstant op ongeveer 30 leerlinge bebly. Vanaf 1948 het daar egter 'n opbloei in die getalle voorgekom as gevolg van vermeerderde myn=aktiwiteite en het die leerlingtal gestyg van 38 in 1948 tot 96 in 1972. (83)

As gevolg van sentralisering is die Engelsmedium-leerlinge in 1973 oorgeplaas na die skool op Hlobane en het die leerlingtal gedaal tot 80. Aan die einde van die vierde kwartaal van 1975 is die skool gesluit. Leerlinge van die omgewing is van toe af per bus vervoer na die skool op Hlobane. (84)

### 7.7.3 Personeel

Die volgende persone het as hoofde van die skool diens gedoen: Mej. A. Swart (1919-), Mej. A.M. Ter Horst (1920-), Mej. J. Carrington (1921-), Mej. C. Feeney (1924-), J.M. de W. Brandt (1925-), L.B. Thompson (1926-), J.C. Jeffers (1926-), L.J. Freytag (1927-), W.J. Coetzee (1948-), H.J. Groenewald (1957-). (85)

### 7.7.4 Geboue, terrein en toerusting

Die terrein waarop die skoolgebou opgerig is, is deur die Enyati Colliery Company aan die Departement geskenk

---

(83) Verslag van die Direkteur van Onderwys. (NED 1972).
(84) Ibid. (NED 1975).
(85) Ibid. (NED 1975).

vir onderwysdoeleindes. Die skoolgebou is deur die myn= maatskappy en die Onderwysdepartement gesamentlik opgerig. (86)

Die skoolgebou is in 1921 voltooi, maar die leerlinge moes op petrolkaste sit aangesien geen meubels beskikbaar was nie. (87) Ook tydens die opening van die skool moes die 13 leerlinge hulle laat bedien met 3 lessenaars en 20 dinamietdose, party as stoele en ander as tafels. (88)

## 7.8 DIE SKOOL VRYHEID CORONATION

### 7.8.1 Stigting en bestaan

Die eerste opening van die skool was op Maandag 1 Fe= bruarie 1955. (89)

### 7.8.2 Skoolgeboue en -terrein

Grond vir die oprigting van ŉ skoolgebou is geskenk deur Vryheid Coronation Mine Limited (Messrs. African and European Investment Ltd.). Akkommodasie was van die begin af beperk. Die hoof berig dat die personeelkamer as klaskamer gebruik word en die hoof se kantoor as per=

---

(86) Dukes, H.R. (Superintendent van Onderwys): Brief aan inspekteur J. McLeod. Pietermaritzburg, 1919-12-05. (ED 1/4830).

(87) Waldeck, J.F.: Brief aan J. McLeod. 1921-02-26.

(88) McLeod, J.: Brief aan Superintendent van Onderwys. Pietermaritzburg, 1919-12-01.

(89) Logbook: Primêre Skool, Vryheid Coronation, 1955-02-01.

soneelkamer. (90)

In Junie 1955 is begin met die aanbou van 2 klaskamers en 'n pakkamer. Teen Mei 1956 was die rugbyveld voltooi en 'n atletiekbaan aangelê. (91)

In Oktober 1956 is goedkeuring verkry vir die bou van 'n huis vir die skoolhoof op grond wat deur die myn geskenk is. (92)

### 7.8.3 Leerlingtal en personeelvoorsiening

Die volgende tabel toon die leerlingtal aan die skool Vryheid Coronation:

| Jaar | Ingeskrewe leerlinge | |
|---|---|---|
| 1955 | 98 | (93) |
| 1960 | 102 | (94) |
| 1965 | 131 | (95) |
| 1970 | 153 | (96) |
| 1975 | 131 | (97) |

Die skool het begin met 95 leerlinge en as personeel

---

(90) Logbook: Primêre Skool, Vryheid Coronation, 1955-02-01.
(91) Ibid., 1956-05-07.
(92) Ibid., 1956-10-12.
(93) Verslag van die Direkteur van Onderwys. (NED 1955).
(94) Ibid. (NED 1960).
(95) Ibid. (NED 1965).
(96) Ibid. (NED 1970).
(97) Ibid. (NED 1975).

die hoof, J.A. van Wyk en drie assistente, t.w. mevroue Van Wyk en Kotze en mej. Bester. Die leerlingtal het vermeerder tot 144 in 1973 waarna dit gedaal het tot 127 in 1975. (98)

Hoofde wat aan die skool verbonde was, is die volgende:

J.A. van Wyk: 1955-02-01 tot 1959-12-31.
E.G. Klingenberg: 1960-01-01 tot 1960-06-30.
D.P. van Zyl: 1960-07-01 tot 1966-12-31.
L.C.J. du Plessis: 1967-01-01 tot 1968-02-12.
D.P. Monk: 1968-02-12 tot 1969-01-31.
R.C. North: 1969-02-01 - (99)

## 7.9 DIE SKOOL TE KROMDRAAI

### 7.9.1 Bestaan van die skool

Die skool is in 1910 geopen en is in 1924 gesluit. (100)

### 7.9.2 Leerlingtal, personeelvoorsiening en onderwys=peil

Leerlingtal aan die skool Kromdraai:

| Jaar | Ingeskrewe leerlinge | |
|---|---|---|
| 1910 | 18 | (101) |

---

(98) Logbook: Primêre Skool Vryheid Coronation, 1975.
(99) Ibid., 1975.
(100) Logbook: Kromdraaiskool, 1923-10-03.
(101) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1910).

| | | |
|---|---|---|
| 1915 | 17 | (102) |
| 1920 | 20 | (103) |
| 1922 | 24 | (104) |
| 1924 | 15 | (105) |

Sedert die ontstaan van die skool het die leerlingtal baie konstant gebly op ongeveer 18 tot 1924 toe die skool gesluit is. Tydens inspeksie van die skool in 1919 het inspekteur P. Fouché bevind dat onderwys aan dié skool teleurstellend was. As gevolg van die standaard van onderwys het 5 leerlinge vir die tweede agtereenvolgende jaar hul standerds gedruip. (106)

Sedert Augustus 1919 was A. du Raan aangestel as hoof van die skool. In Maart 1920 het inspekteur Fouché die skool weer besoek. Hy was só tevrede met Du Raan se werk dat hy alle leerlinge in klas 1 en 2 vanweë hul ouderdom na die volgende klasse oorgeplaas het. (107)

A. du Raan het onderwys gegee in albei tale en sewe vakke aangebied in die skool. Inspekteur P. Fouché het telkens sy tevredenheid uitgespreek met die onderwyspeil van die skool en in 1921 bevind dat die leerlinge se Engels beter was as dié van leerlinge in baie ander skole. (108)

In September 1923 is mev. Du Raan in 'n hospitaal in Johan=

---

(102) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1915).
(103) Ibid. (NED 1920).
(104) Ibid. (NED 1922).
(105) Ibid. (NED 1924).
(106) Logbook: Kromdraaiskool, 1919-04-01.
(107) Ibid., 1920-03-09.
(108) Ibid., 1921-09-16.

nesburg opgeneem. Aangesien A. du Raan die skool verlaat het om sy vrou by te staan, is besluit om daarmee ook die bestaan van die skool te beëindig. (109)

## 7.10 DIE SKOOL OP DONKERHOEK

### 7.10.1 Voortbestaan van die skool

Onderwys op Donkerhoek het reeds in 1906 'n aanvang geneem. Die skool het in 1922 gesluit, maar as gevolg van 'n peti= sie deur die ouers het die Departement van Onderwys goed= keuring verleen vir die heropening van die skool in 1923. (110)

As gevolg van 'n daling in die leerlingtal het die Onder= wysdepartement besluit om die skool nie weer in 1927 te open nie. (111)

Die skool het blykbaar ook probleme ondervind om 'n onder= wyser te bekom. J.A. Botha het op 27 Februarie 1927 as onderwyser diens aanvaar. Die skool het vir die eer= ste kwartaal geen subsidie van die Departement van Onder= wys ontvang nie. J.A. Botha het tot Junie 1927 diens gedoen as onderwyser en aangesien 'n ander onderwyser

---

(109) Logbook: Kromdraaiskool, 1923-09-23.

(110) Hugo, F.D.: Brief aan inspekteur P. Fouché, Pie= termaritzburg, 1923-02-23.

(111) Davies, E. (Sekretaris Onderwysdepartement): Brief aan F.W. Birkenstock, Sekretaris Donkerhoek Skoolkomitee. Pietermaritzburg, 1927-02-07. (ED. 38/1542).

nie bekom kon word nie, is die skool vanaf Julie tot September gesluit. Vanaf Oktober tot Desember 1927 was J.A. Beukes onderwyser aan die skool waarna hy aan die Onderwysdepartement berig het dat die skool nie weer in 1928 sou heropen nie. (112)

### 7.10.2 Skoolgeboue

Met die sluiting van die skool op Welkom is die skool= gebou na Donkerhoek oorgeplaas, waarskynlik as woning vir die onderwyser. (113) Met die sluiting van die skool was daar twee sinkgeboue, een wat as skoolgebou gedien het en 'n ander as woonhuis vir die onderwyser. Die in= spekteur berig dat albei in 'n baie swak toestand was. (114)

### 7.10.3 Leerlingtal

Leerlingtal aan die skool Donkerhoek:

| Jaar | Ingeskrewe leerlinge | |
|---|---|---|
| 1910 | 38 | (115) |
| 1915 | 33 | (116) |

---

(112) Sekretaris Onderwysdepartement: Brief aan inspek= teur P. Fouché. Pietermaritzburg, 1931-12-11.

(113) McLeod, J.: Brief aan Sekretaris, Onderwysdepar= tement. Pietermaritzburg, 1917-01-31. (ED 2/45/ 17).

(114) Inspekteur van skole: Brief aan Sekretaris, Onder= wysdepartement. Pietermaritzburg, 1928-01-11.

(115) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1910).

(116) Ibid. (NED 1915).

| | | |
|---|---|---|
| 1920 | 31 | (117) |
| 1921 | 21 | (118) |
| 1922 | 2 | (119) |
| 1923 | 19 | (120) |
| 1927 | 11 | (121) |

Die skool het geopen met 'n leerlingtal van 14 wat tot 52 leerlinge in 1917 gestyg het. (122) Hierna het die leerlingtal stelselmatig gedaal tot 21 in 1921. Met die instelling van losiesbeurse vir leerlinge van 15 jaar en ouer, waardeur die Onderwysdepartement gepoog het om meer te sentraliseer en leerlinge vir verdere studie te behou, het die leerlingtal gedaal tot 2 en moes die skool sluit. (123)

Met die heropening van die skool in 1923 was daar 19 ingeskrewe leerlinge. Die getal het gedaal tot 11 in 1927 en vanweë probleme om 'n onderwyser te bekom, is die skool aan die einde van die betrokke jaar finaal gesluit. (124)

7.10.4 Personeelvoorsiening

Onderwysers wat aan hierdie skool diens gedoen het as

---

(117) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1920).

(118) Ibid. (NED 1921).

(119) Ibid. (NED 1922).

(120) Ibid. (NED 1923).

(121) Ibid. (NED 1927).

(122) Ibid. (NED 1917).

(123) McLeod, J.: Verslag aan Superintendent van Onderwys H.R. Dukes. Dundee, 1922-02-13. (ED 29/1542).

(124) Davies, E.: Brief aan F.W. Birkenstock, Sekretaris, Donkerhoek Skoolkommissie. Pietermaritzburg, 1927-02-07. (ED 38/1542).

hoofde was die volgende:

J. v.d. Walt (-1912), J.F. Jansen (1913-), H. v.d. Walt (1914-), S.W. Pienaar (1918-), H.R.T. Lorenz (1923-), J.A. Botha (1927-) en J.A. Beukes (1927-). (125)

## 7.11 DIE SKOOL TE GLÜCKSTADT

### 7.11.1 Stigting en bestaan

Die skool wat voor 1910 as 'n Duitse kerkskool by die sendingstasie aldaar bestaan het, het op 1 Februarie 1910 as 'n staatsondersteunde skool onder die beheer van die Natalse Onderwysowerheid gekom. (126) In 1918 het die skool volgens Departementele beleid 'n staatskool geword. (127)

### 7.11.2 Geboue en terrein

Die terrein waarop die skoolgebou opgerig is, het behoort aan die Lutherse Evangeliese Kerk. Die grond was geleë op die plaas Hartbetaald, Wyk 3, Vryheid. Die geboue het bestaan uit 'n skoolhuis, een klaskamer en twee toi= lette. (128)

In 1928 is 'n nuwe skoolgebou betrek en sedert daardie

---

(125) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1927).

(126) Logbook: Primêre Skool Glückstadt, 1910-02-01.

(127) Ibid., 1918-09-27.

(128) Ibid., 1913-03-26.

tyd is die ou sinkklaskamer as houtwerkkamer gebruik. (129)

Vanweë 'n styging in leerlingtal is nog twee opslaanklas=kamers in 1971 in gebruik geneem. (130)

### 7.11.3 Medium van onderrig

Vanaf 1910 tot 1917 was Engels die medium van onderrig. Hoewel hoofsaaklik Duitssprekende kinders die skool byge=woon het, was dit die beleid van die onderwysowerheid dat die medium van onderrig een van die twee amptelike landstale moes wees indien 'n skool wou kwalifiseer vir subsidie. Die Lutherse Kerk het dit egter as voorwaarde aan die Onderwysowerheid gestel dat grond vir 'n skoolge=bou geskenk sal word mits die Duitssprekende kinders in die skool Duits as vak kon neem. (131)

Tot Augustus 1911 was alle inskrywings in die logbook dan ook in Duits gedoen. (132)

Vanaf 1917 is begin met die onderrig van Hollands. Hol=lands was die derde taal in die skool. Daar was 3 Hol=landse groepe in die skool. (133)

Duitssprekende leerlinge in die laer klasse het onderrig

---

(129) Logbook: Primêre Skool Glückstadt, 1928-05-23.
(130) Ibid., 1971-03-19.
(131) Schumann, F.W.J.: Brief aan inspekteur J. McLeod. Glückstadt, 1925-10-09. (D 7/10/25).
(132) Logbook: Primêre Skool Glückstadt, 1910.
(133) Ibid., 1917-04-26.

deur medium van Duits ontvang. (134)

In 1918 is 3 kandidate ingeskryf vir die Laer Taalbond= eksamen. Al 3 was suksesvol in die tweede klas. (135)

In klein skooltjies met min personeellede het die onder= wysers voorwaar geen maklike taak gehad nie. In 1928 het mej. Pauli byvoorbeeld in een klas onderwys gegee aan standerds 2, 3 en 4. Van die 22 leerlinge het 3 on= derrig deur medium van Afrikaans ontvang en 19 deur medium van Engels. Mej. H. Schroeder het klasse 1 en 2 en stan= derd 1 waargeneem. Van dié 18 leerlinge in haar klas het 12 deur medium van Afrikaans en 6 deur medium van Duits onderrig ontvang. (136)

### 7.11.4 Personeelvoorsiening

Die volgende persone het as hoofde aan die skool diens gedoen: B.L. Hille (1910-), C.I. Müller (1913-), F.W.J. Schumann (1914-), H.T. Kriel (1943-), J.H. Slabbert (1951-), Dr. Joubert (1956-), A.P. Grové (1958-), J.W.M. Wolma= rans (1963-). (137)

### 7.11.5 Leerlingtal

Die volgende tabel toon die leerlingtal aan die Primêre

---

(134) Logbook: Primêre Skool Glückstadt, 1919-02-19.
(135) Ibid., 1919-03-14.
(136) Ibid., 1928-04-24.
(137) Ibid., 1963-01-01.

Skool Glückstadt:

| Jaar | Ingeskrewe leerlinge | |
|---|---|---|
| 1910 | 18 | (138) |
| 1920 | 31 | (139) |
| 1930 | 55 | (140) |
| 1940 | 21 | (141) |
| 1950 | 27 | (142) |
| 1960 | 21 | (143) |
| 1965 | 72 | (144) |
| 1970 | 101 | (145) |
| 1975 | 55 | (146) |

In 1910 het die skool geopen met 18 ingeskrewe leerlinge. (147) Die leerlingtal het stelselmatig gestyg totdat die skool in die twintigerjare ongeveer 55 leerlinge gehad het. Hierna het dit gedaal totdat die skool in 1942 'n laagtepunt bereik het toe slegs 15 leerlinge die skool bygewoon het. (148)

---

(138) Verslag van die Superintendent van Onderwys. NED 1910).

(139) Ibid. (NED 1920).

(140) Ibid. (NED 1930).

(141) Ibid. (NED 1940).

(142) Verslag van die Direkteur van Onderwys. (NED 1950).

(143) Ibid. (NED 1960).

(144) Ibid. (NED 1965).

(145) Ibid. (NED 1970).

(146) Ibid. (NED 1975).

(147) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1910).

(148) Ibid. (NED 1942).

Vanaf 1960 toe 23 leerlinge die skool bygewoon het, was daar egter 'n skerp styging in die leerlingtal totdat die skool in 1970 'n maksimum van 106 ingeskrewe leerlinge gehad het. (149)

Hierdie styging moet toegeskryf word aan die feit dat 'n koshuis in Februarie 1960 by die skool geopen is. (150)

Vanaf 1971 het daar egter 'n skerp daling in die leerling=tal ingetree totdat die skool in 1975 slegs 47 ingeskre=we leerlinge gehad het. (151)

### 7.11.6 Onderwyspeil

Die onderwyspeil gedurende 1913 was nie baie goed nie. Inspekteur H. Bryan het bevind dat dit inderdaad só swak was dat geen kind in die skool bevorder kon word nie. (152)

Onder F.W.J. Schumann se leiding het daar egter 'n verbe=tering in die onderwyspeil ingetree. Inspekteur H. Bryan was baie tevrede met die werk wat deur F.W.J. Schumann gedoen is. (153)

Onderwystoestande moes noodwendig die onderwyspeil beïn=vloed. In 1924 word berig dat 44 leerlinge, vanaf klas 1 tot standerd 7, deur 2 onderwysers in 3 tale onderrig

---

(149) Logbook: Primêre Skool Glückstadt, 1970-06-17.
(150) Ibid., 1960-02-02.
(151) Ibid., 1975-02-14.
(152) Ibid., 1913-08-18.
(153) Ibid., 1915-02-24.

word. In die junior klasse is onderrig in die moedertaal gegee. Die onderwysers het 'n onbenydenswaardige taak gehad. (154)

## 7.12 DIE BRAKVLEISE SKOOL

### 7.12.1 Algemene oorsig

Volgens departementele rekords is die skool in 1911 geopen as 'n staatsondersteunde skool met 31 ingeskrewe leerlinge. (155)

Op 1 Augustus 1918 het die skool 'n staatskool geword. Leerlingtalle het gedurende die bestaan van die skool gewissel tussen 22 en 31. Die skool is op 30 Junie 1922 gesluit toe al die meubels verskuif is na die nuwe skool op Kleinfontein, ongeveer 5 kilometer vanaf Brakvlei. Die onderwyser en leerlinge van Brakvlei is oorgeplaas na Kleinfontein. (156)

Leerlingtal aan die skool Brakvlei:

| Jaar | Ingeskrewe leerlinge | |
|---|---|---|
| 1911 | 31 | (157) |
| 1914 | 22 | (158) |

(154) Logbook: Primêre Skool Glückstadt, 1924-10-03.
(155) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1911).
(156) Ibid. (NED 1922).
(157) Ibid. (NED 1911).
(158) Ibid. (NED 1914).

| | | |
|---|---|---|
| 1917 | 26 | (159) |
| 1920 | 21 | (160) |
| 1921 | 25 | (161) |

## 7.13 DIE KLEINFONTEINSE SKOOL

### 7.13.1 Oorsig van bestaan

Die Kleinfonteinse skool is op 1 Augustus 1922 geopen as 'n staatskool. (162) Na 'n bestaan van 30 jaar is die skool in Desember 1952 finaal gesluit. (163)

### 7.13.2 Akkommodasie en terrein

Met die opening van die skool moes 37 leerlinge in 1 klaskamer met 24 sitplekke gehuisves word. (164) In 1923 is goedkeuring verkry vir die aanbou van nog 'n klas= kamer. (165) Daar was egter nou reeds 3 onderwysers wat hulle van 2 klaskamers moes laat bedien. 'n Kleedka= mer en toilet is ook benodig. (166)

---

(159) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1911).
(160) Ibid. (NED 1920).
(161) Ibid. (NED 1921).
(162) Logbook: Primêre Skool Kleinfontein, 1922-08-01.
(163) Inspekteur van Onderwys: Brief aan inspekteur De Waal. Pietermaritzburg, 1952-10-18. (ED 2/2772).
(164) Logbook: Kleinfontein, 1922-08-01.
(165) Bryan, H.: Brief aan inspekteur J. McLeod. Pieter= maritzburg, 1923-05-16. (ED 1/2772).
(166) Logbook: Kleinfonteinskool, 1923-05-03.

In 1930 is die sinkskoolgebou wat op Driefontein diens gedoen het na Kleinfontein oorgeplaas. (167) In 1936 is sketsplanne vir die bou van 'n steengebou opgestel en goedgekeur. (168) Die amptelike opening van die nuwe skool op 1 April 1938 is bygewoon deur die Superintendent van Onderwys, F.D. Hugo, inspekteur P. Fouché, advokaat E.G. Jansen, L.V. vir Vryheid, en kaptein G.M. Botha, L.P.R. vir Vryheid. (169)

### 7.13.3 Personeelvoorsiening

Die volgende persone het diens gedoen as hoofde van die Primêre Skool Kleinfontein:

D.P. Jacobs: 1922-08-01 tot 1946-04-17.
R.B. van Heerden: 1946-04-24 tot 1950-07-22.
D.P van Zyl: 1950-08-01 tot 1950-12-31.
J.L. Diedericks: 1951-01-01 tot 1952-04-01.
S.F. Fourie: 1952-04-01 tot 1952-12-31. (170)

### 7.13.4 Leerlingtal en onderwyspeil

Die volgende tabel toon die leerlingtal aan die skool Kleinfontein:

---

(167) Inspekteur van skole: Brief aan D.P. Jacobs. Pietermaritzburg, 1930-08-13.
(168) Sekretaris Onderwysdepartement: Brief aan inspek= teur P. Fouché. Pietermaritzburg, 1936-10-23. (ED 27/2772).
(169) Logbook: Kleinfonteinskool, 1938-04-01.
(170) Ibid., 1952-12-12.

| Jaar | Ingeskrewe leerlinge | |
|---|---|---|
| 1922 | 49 | (171) |
| 1930 | 45 | (172) |
| 1940 | 50 | (173) |
| 1950 | 27 | (174) |

Die skool het geopen met 34 leerlinge. (175) Tot 1941 is die skool jaarliks deur ongeveer 40 leerlinge bygewoon. Daarna het die leerlingtal begin daal tot met die sluiting in 1952.

Vakke wat aangebied is, was Afrikaans, Engels, Rekenkun=de, Naaldwerk, Tekene, Handwerk, Musiek, Houtwerk, Geskie=denis en Aardrykskunde. D.P. Jacobs, wat tydens die grootste deel van die skool se bestaan die hoof was, was 'n man vir vakonderrig. Dissipline was streng en min spontaneïteit is in die klas toegelaat. Die organi=seerder van Landbou, L.R. van Graan, berig van Jacobs dat hy 'n konsensieuse mens was wat geen moeite gespaar het om 'n sukses van sy werk te maak nie. Die tuin op Kleinfontein was die beste wat hy nog gesien het. (176)

---

(171) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1922).

(172) Ibid. (NED 1930).

(173) Ibid. (NED 1940).

(174) Veslag van die Direkteur van Onderwys. (NED 1950).

(175) Logbook: Kleinfonteinskool, 1922-08-10.

(176) Van Graan, L.R.: Verslag van Organiseerder van Landbou i.s. Landbou-onderrig. (In Logbook: Kleinfonteinskool, 1943-03-18.

## 7.14 DIE SKOOL TE MOUNT NGWIBI

### 7.14.1 Oorsig van bestaan

Die skool het sy ontstaan in 1917 gehad met J.C. Jeffers as hoof. In Augustus 1919, toe daar reeds ongeveer 46 leerlinge by die skool was, is mej. D.L. Reeve aangestel as assistent. (177)

Aan die einde van 1925 is Jeffers verplaas as hoof en is hy vervang deur M.H. Neser. (178)

Vanweë 'n daling in die leerlingtal het die skool vanaf 1930 weer 'n staatsondersteunde inrigting geword. Teen Junie 1930 het die leerlingtal gedaal tot 8 en het die skool 'n plaasskool geword. Neser is toe vervang deur J. Fourie. (179)

Die skool is in Junie 1931 as plaasskool gesluit. (180)

### 7.14.2 Leerlingtal en onderwyspeil

Leerlingtal aan die skool Mount Ngwibi:

---

(177) McLeod, J.: Brief aan Superintendent van Onderwys H.R. Dukes. Pietermaritzburg, 1920-01-05.

(178) McLeod, J.: Inspeksieverslag. 1925-12-31. (M 33/9/25).

(179) Sekretaris, Onderwysdepartement: Brief aan Pro=vinsiale Rekenmeester. Pietermaritzburg, 1930-10-03. (ED 25/3835).

(180) Sekretaris, Onderwysdepartement: Brief aan inspek=teur McConkey. Pietermaritzburg. 1931-09-29. (ED 24/3833).

| Jaar | Ingeskrewe leerlinge | |
|---|---|---|
| 1917 | 33 | (181) |
| 1920 | 32 | (182) |
| 1923 | 30 | (183) |
| 1926 | 34 | (184) |
| 1928 | 41 | (185) |
| 1929 | 29 | (186) |

Die skool is geopen met 33 ingeskrewe leerlinge. Die leerlingtal het gedurende die bestaan van die skool re=delik konstant gebly op ongeveer 30. In 1928 was daar 'n styging in die getal ingeskrewe leerlinge, maar ook 'n groot mate van verwisseling van leerlinge. M.H. Neser berig dat daar gedurende die jaar 15 nuwe leerlinge byge=kom het, maar dat 20 leerlinge die skool verlaat het. Só 'n verwisseling maak dit baie moeilik om resultate te lewer. (187)

J.C. Jeffers het 'n baie hoë standaard van werk gehandhaaf. Tydens inspeksie het Jeffers 'n baie goeie verslag gekry. Inspekteur J. McLeod skryf dat die leerlinge se werk netjies is en dat Jeffers baie noukeurig merk. Sy "teach=ing is deliberate and the children keen". (188)

---

(181) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1917).
(182) Ibid. (NED 1920).
(183) Ibid. (NED 1923).
(184) Ibid. (NED 1926).
(185) Ibid. (NED 1928).
(186) Ibid. (NED 1929).
(187) Neser, M.H.: Brief aan Inspekteur van skole, 1928-12-14.
(188) McLeod, J.: Inspeksieverslag. 1925-12-31. (M 33/9/25).

## 7.15 DIE SKOOL TE MIDDELPUNT

### 7.15.1 Oorsig van bestaan van die skool

Die skool het sy ontstaan reeds in 1908 gehad as 'n staats=ondersteunde inrigting. (189) Die skool het geopen met 20 ingeskrewe leerlinge en het vir die grootste deel van sy bestaan meer as 30 leerlinge gehad. Tydens die Tweede Wêreldoorlog was daar blykbaar heelwat vaders uit hierdie gebied wat vir oorlogsdiens aangemeld het. Die moeders het met die kinders dorp toe getrek en die leerlingtal het in 1941 gedaal tot 12. (190) Teen 1944 het die leerlingtal tot 8 gedaal en is die skool gesluit. (191)

### 7.15.2 Personeelvoorsiening en onderwyspeil

Hoofde wat by hierdie skool diens gedoen het, was die volgende:
F.H. Hill (1910-), G. de Wet (1911-), M.C. Boshoff (1912-), F.R. Haupt (1914-) en J.A. Beukes (1942-). (192)

Onderrig is in albei landstale gegee en ekstra vakke wat aangebied is, was Klei modelleer, Sang, Naaldwerk, Dril, Tekene en Landbou. Die inspekteur berig na inspek=

---

(189) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1908).

(190) Haupt, F.R.: Brief aan Direkteur van Onderwys R.A. Banks. Middelpunt, 1941-12-08. (ED 16/1613).

(191) Anon: Brief aan Sekretaris, Onderwysdeparte=ment. Dundee, 1944-03-09. (ED 970).

(192) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1942).

sie van F.R. Haupt dat sy leerlinge se werk baie netjies is. (193)

### 7.15.3 Skoolbywoning en leerlingtal

Leerlingtal aan die skool Middelpunt:

| Jaar | Ingeskrewe leerlinge | |
|---|---|---|
| 1910 | 33 | (194) |
| 1920 | 33 | (195) |
| 1930 | 28 | (196) |
| 1940 | 20 | (197) |
| 1943 | 16 | (198) |
| 1944 | 8 | (199) |

## 7.16 DIE SKOOL OP HLOBANE

### 7.16.1 Stigting, leerlingtal en bestaan

Die skool het in 1910 ontstaan as gevolg van 'n behoefte

---

(193) McLeod, J.: Inspeksieverslag. Middelpunt, 1932-09-16. (D 38/9/32).
(194) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1910).
(195) Ibid. (NED 1920).
(196) Ibid. (NED 1930).
(197) Ibid. (NED 1940).
(198) Ibid. (NED 1943).
(199) Ibid. (NED 1944).

by die myngemeenskap aan onderwys vir hul kinders. In 1916 het die skool 'n staatskool geword. (200)

In 1917 is begin met die onderrig van leerlinge deur medium van Hollands en het 5 uit die 51 leerlinge onder= rig deur medium van Hollands ontvang. (201)

Leerlingtal aan die skool Hlobane:

| Jaar | Ingeskrewe leerlinge | |
|---|---|---|
| 1910 | 13 | (202) |
| 1920 | 58 | (203) |
| 1930 | 110 | (204) |
| 1940 | 109 | (205) |
| 1950 | 177 | (206) |
| 1954 | 221 | (207) |
| 1955 | 107 | (208) |
| 1960 | 109 | (209) |
| 1970 | 170 | (210) |

Die skool het in 1935 leerlinge getrek van Vryheid Corona= tion Staatskool toe 'n trolliebus ingestel is vanaf Corona= tion na Hlobane. (211) Met die sluiting van die skool

---

(200) Logbook: Hlobane Staatskool, 1916-08-04.
(201) Ibid., 1917-04-11.
(202) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1910).
(203) Ibid. (NED 1920).
(204) Ibid. (NED 1930).
(205) Ibid. (NED 1940).
(206) Verslag van die Direkteur van Onderwys. (NED 1950).
(207) Ibid. (NED 1954).
(208) Ibid. (NED 1955).
(209) Ibid. (NED 1960).
(210) Ibid. (NED 1970).
(211) Logbook, Hlobane Staatskool, 1935-01-29.

op Enyati in 1975 is ook hierdie skool se leerlinge na Hlobane oorgeplaas. (212) Die skool bestaan nog en is besig om van krag tot krag te gaan.

### 7.16.2 Geboue en terrein

Die eerste skool is by die mynkompleks opgerig. Aangesien daar probleme ondervind is om vir die personeel huisves= ting te kry, is in 1918 begin met die oprigting van onder= wyserskwartiere. (213)

Teen 1925 het die skool se leerlingtal só vermeerder dat daar toe 4 onderwysers was wat net 3 klaskamers tot hulle beskikking gehad het. (214) Aangesien die hoof nie 'n huis gehad het nie, het die Departement van Onder= wys in Junie 1925 goedkeuring verleen vir die oprigting van 'n nuwe skoolgebou. Die ou skoolgebou kon dan deur die hoof gebruik word as woning. (215) Die nuwe skool= gebou is in Mei 1927 betrek en die opening is waargeneem deur kaptein G.M. Botha, L.P.R. vir Vryheid. (216)

In 1968 is 'n nuwe skoolgebou op Vaalbank opgerig en op 3 April 1968 het die skool verskuif vanaf die myn na die nuwe terrein. (217)

---

(212) Verslag van die Direkteur van Onderwys. (NED 1975).
(213) Logbook: Hlobane Staatskool, 1918-02-12.
(214) Ibid., 1925-02-03.
(215) Sekretaris, Onderwysdepartement: Brief aan inspek= teur J. McLeod. Pietermaritzburg, 1925-06-15. (M 13/6/25).
(216) Logbook: Hlobane Staatskool, 1927-05-28.
(217) Ibid., 1968-04-03.

### 7.16.3 Personeel

Die volgende persone het aan die skool diens gedoen as hoofde: B.F. Ormond (1910-), Mej. M. Holness (1911-), Mej. Brickhill (1917-), Mej. F.M. Turner (1920-), Mej. E.T. Hale (1921-), Mej. A.D. Boyes (1922-), Mej. N. Todd (1924-), H.W. Kingston (1925-), R.C. Mason (1931-), B.G.J. Kruger (1937-), S.D. le Roux (1951-), P.J. van Rensburg (1954-), G.J.R. Friend (1955), J.L. Diedericks (1965-), J.J. Nortjé (1970-), C.L. Marais (1973-), en J.A. Bekker (1974-). (218)

## 7.17 DIE SCHEEPERSNEKSE SKOOL

### 7.17.1 Oorsig van bestaan

Die Scheepersnekstasie-skool is aan die begin van 1920 geopen as 'n staatsondersteunde inrigting. Die skool was geleë in die ou Scheepersnek nedersetting naby die spoorwegstasie. Gedurende die 12 jaar van die skool se bestaan was daar jaarliks ongeveer 20 leerlinge ingeskryf. In 1932 het die skool saamgesmelt met die skool op Enterprise, geleë in die nuwe nedersetting. Die skool is op 31 Desember 1932 gesluit. (219)

### 7.17.2 Personeel

As hoofde van die skool het opgetree: D.J.G. Smith

---

(218) Logbook: Hlobane Staatskool, 1975-12-04.

(219) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1932).

(1920-), B.J. de Klerk (1927-), P.D. Minnaar (1929-), R.J. Nell (1932-). (220)

### 7.17.3 Vakke aangebied

Vir klasse 1 en 2 en standerd 1 is die volgende vakke aangebied: Engels, Afrikaans, Wiskunde, Skryf, Tekene, Klei modelleer, Sang, Dril, Geskiedenis, Aardrykskunde, Bybelonderrig, Papier modelleer en Gesondheidsonderrig. (221)

Vir standerds 2, 3, 4 en 5 is aangebied Engels, Afrikaans, Wiskunde, Geskiedenis, Burgerleer, Aardrykskunde, Skryf, Tekene, "Kaardbord" modelleer, Sang, Dril, Gesondheids=onderrig en Bybelonderrig. (222)

## 7.18 DIE SKOOL TE ENTERPRISE

### 7.18.1 Oorsig van bestaan

Op versoek van die Scheepersnek-boerevereniging is 'n skoolgebou van hout en sink opgerig in die nuwe nederset=ting. (223)

Die skool het ook voorsiening gemaak vir die Duitsspre=

---

(220) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1932).

(221) Smith, D.J.G.: Brief aan die Superintendent van Onderwys, 1920-11-04.

(222) Ibid., 1920-11-04.

(223) Sekretaris, Onderwysdepartement: Brief aan inspek=teur J. McLeod. Pietermaritzburg, 1919-06-02. (ED 1/3638).

kende leerlinge in die gemeenskap en onderrig is verskaf deur medium van Engels, Afrikaans en Duits. In 1934 was daar 21 leerlinge wat deur medium van Engels, 13 wat deur medium van Afrikaans en 7 wat deur medium van Duits onderrig is. (224)

Leerlingtal aan die skool Enterprise:

| Jaar | Ingeskrewe leerlinge | |
|---|---|---|
| 1919 | 15 | (225) |
| 1925 | 21 | (226) |
| 1930 | 37 | (227) |
| 1935 | 45 | (228) |
| 1940 | 24 | (229) |
| 1941 | 21 | (230) |

Die leerlingtal van die skool het na samesmelting met die Scheepersnekskool in 1932 geen wesentlike styging getoon nie. In 1932 was daar 37 leerlinge in die skool teenoor 44 in 1934. (231) Die skool het in Desember 1941 gesluit. (232)

---

(224) Stumpf, E.: Brief aan Superintendent van Onderwys, F.D. Hugo. , Enterprise, 1936-04-06. (D 9/4/36).

(225) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1919).

(226) Ibid. (NED 1925).

(227) Ibid. (NED 1930).

(228) Ibid. (NED 1935).

(229) Ibid. (NED 1940).

(230) Ibid. (NED 1941).

(231) Ibid. (NED 1934).

(232) Banks, R.A.: Brief aan Ph. J. van Rensburg, Hoof, Enterprise, Pietermaritzburg, 1941-12-08. (ED 16/3638).

7.18.2 Personeel

As hoofde van die skool het opgetree:
Mej. M.C. Young (1919-), Mej. M. Rose Christie (1921-), A.W. Clarke (1922-), Mej. E. Schulze (1924-), E. Stumpf (1932-), M.H. Reiche (1937-) en Ph. J. van Rensburg (1940-). (233)

## 7.19 DIE JUNIOR PRIMêRE SKOOL NUWE REPBULIEK

### 7.19.1 Algemeen

In 1969 is 'n bewaarskool geopen in Republiekstraat. Vanaf die begin van 1969 is klasse 1 en 2 vanaf die Senior Primêre Skool Nuwe Republiek oorgeplaas na die Bewaarskool en met ingang 1970 ook die standerd 1 klasse. Die Senior Primêre Skool Nuwe Republiek sou voortaan geen beginners meer inskryf nie terwyl Lucas Meyer wel sy junior klasse behou het. (234)

Mevrou B. du Toit is aangestel as die eerste hoof van die skool en het in 1975 nog die betrekking beklee. (235)

---

(233) Verslag van die Direkteur van Onderwys. (NED 1941).

(234) Sekretaris, Adviserende Ouerkomitee, Junior Primêre Skool Nuwe Republiek.: Brief aan Direkteur van Onderwys. Vryheid, s.d.

(235) Verslag van die Direkteur van Onderwys. (NED 1975).

## 7.20 PRIMêRE SKOOL LUCAS MEYER

### 7.20.1 Opening en bestaan

Die "Vryheid Government Infants' School" is op 28 Januarie 1930 geopen met 'n leerlingtal van 214 leerlinge en 9 damespersoneellede. Met die opening van die skool was teenwoordig: mnr. H. Bryan (Superintendent van Onderwys), kaptein G.M. Botha (L.P.R. vir Vryheid) en J. Werndle (Burgemeester van Vryheid).

Aanvanklik is slegs voorsiening gemaak vir leerlinge in klasse 1 en 2 en standerd 1. In 1946 is standerd 2 Afrikaansmediumklasse bygevoeg en in 1947 ook standerd 3 Afrikaansmediumklasse. In hierdie jaar word die naam van die skool ook verander na die "Government Primary School", Vryheid. (236)

In 1948 is klasse tot by standerd 4 in albei mediums bygevoeg. In 1949 verander die Onderwysdepartement die naam van die skool na "Lucas Meyer Staatskool". (237) Vanaf 1949 het Lucas Meyer Staatskool ook standerd 5 leerlinge ingeneem. (238) Vanaf 1972 is daar nie meer voorsiening gemaak vir Engelsmediumleerlinge nie en het Lucas Meyer 'n Afrikaansmediumskool geword. Die skool

---

(236) Lucas Meyer Halfeeufees Gedenkblad: Vyftig Jaar - 'n Historiese oorsig. s.p.

(237) Direkteur van Onderwys: Brief aan inspekteur Du Toit. Pietermaritzburg, 1949-01-17. (ED 22/8033).

(238) Logbook: Senior Primêre Skool Nuwe Republiek, 1948-12-08.

bestaan nog en het in 1975 'n leerlingtal van 345 gehad. (239)

### 7.20.2 Akkommodasie en toerusting

Die nuwe skool het tydens opening uit slegs 7 klaskamers bestaan. Die oprigtingskoste was R10 000. In 1959 het aanbouings by die skool plaasgevind vanweë 'n groeiende leerlingtal en kon die personeel ook hul personeelkamer in ontvangs neem. In 1967 het verdere aanbouings plaas= gevind wat 'n bedrag van tussen R70 000 en R80 000 beloop het. (240)

### 7.20.3 Skoolbywoning en leerlingtal

Leerlingtal aan die skool Lucas Meyer:

| Jaar | Ingeskrewe leerlinge | |
|---|---|---|
| 1930 | 328 | (241) |
| 1940 | 291 | (242) |
| 1950 | 498 | (243) |
| 1960 | 402 | (244) |

---

(239) Verslag van die Direkteur van Onderwys: (NED 1975).

(240) Primêre Skool Lucas Meyer: Half-eeufees Gedenk= blad. Vyftig Jaar - 'n Historiese oorsig. s.p.

(241) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1930).

(242) Ibid. (NED 1940).

(243) Verslag van die Direkteur van Onderwys. (NED 1950).

(244) Ibid. (NED 1960).

| | | |
|---|---|---|
| 1970 | 438 | (245) |
| 1975 | 345 | (246) |

7.20.4 Personeelvoorsiening

Die volgende persone het diens gedoen as hoofde van die skool:
Mej. E.H. Müller (1930-), Mej. C.S.F. Conradie (1940-), Mej. E.J. van der Spuy (1947-), H.C.J. van Rensburg (1949-), G.C. H. Jacobs (1954-), J.A.S. Erasmus (1957-), W.S. Vosloo (1965-), en F.S. le Roux (1974-). (247)

## 7.21 SENIOR PRIMêRE SKOOL NUWE REPUBLIEK

### 7.21.1 Opening en bestaan van skool

Die skool is op 3 Augustus 1920 geopen. Die Onderwysde= partement het besluit om met die opening van die nuwe laerskool alle leerlinge vanaf klas 1 tot standerd 2 vanuit Vryheid Staatskool oor te plaas na die nuwe laer= skool. (248)

In 1924 is die standerd 3 Engelsmediumklasse oorgeplaas. In 1930, met die stigting van die Bewaarskool (Lucas Meyer), is klasse 1 en 2 en standerd 1-leerlinge vanaf die laerskool (Nuwe Republiek) oorgeplaas na die Bewaar=

---

(245) Verslag van die Direkteur van Onderwys. (NED 1970).
(246) Ibid. (NED 1975).
(247) Lucas Meyer Half-eeufees Gedenksblad - 'n Historiese oorsig. s.p.
(248) Logbook: Nuwe Republiek Senior Primêre Skool, 1920-08-03.

skool, maar terselfdertyd het die standerd 4- en 5-klas=se vanaf Vryheid Middelbare skool na die Nuwe Republiek=skool gekom. (249)

Vanaf die begin van 1946 kon sowel die Lucas Meyerskool as Nuwe Republiekskool leerlinge inskryf vanaf klas 1 tot standerd 5. (250) In 1947 het die Uitvoerende Komitee die naam van die skool verander na die "Kerkstraat Staat=skool", ten spyte van vertoë deur die hoof, J.F. De Wet, dat die naam verander word na die "Nuwe Republiek=skool" vanweë die historiese verbintenis. (251)

In November 1947 het die Onderwysdepartement besluit om die naam van die skool, Kerkstraat Staatskool, te wysig na die oorspronklike naam, nl. Vryheid Staats-Junior Skool. (252) Die Onderwysdepartement was egter nie tevre=de met die naam nie en het in Januarie 1949 besluit om die naam te verander na "Dirkie Uys Staatskool". (253)

In 1949 het die Uitvoerende Komitee tog besluit om die naam van die skool te verander na die "Nuwe Republiek Staatskool" (254) J.F. de Wet het ook die skoolwapen van die "ou" Nuwe Republiekskool, soos dit onder die Z.A.R.-tydperk bestaan het, oorgeneem as skoolwapen vir die "nuwe" Nuwe Republiekskool. Die leuse was Excelsior

---

(249) Logbook: Hoërskool Vryheid, 1930-01-21.
(250) Logbook: Senior Primêre Skool Nuwe Republiek, 1945-6-21.
(251) Ibid., 1947-08-12.
(252) Direkteur van Onderwys: Brief aan inspekteur Du Toit. Pietermaritzburg, 1947-11-26. (NED 22/4039).
(253) Direkteur van Onderwys: Brief aan inspekteur De Waal. Pietermaritzburg, 1949-01-17. (NED 22/8033).
(254) Logbook: Senior Primêre Skool Nuwe Republiek, 1949-05-07.

(strewe hoër). (255)

Vanaf Januarie 1969 moes die Nuwe Republiekskool alle leerlinge in klasse 1 en 2 en vanaf Januarie 1970 ook alle standerd 1-leerlinge afstaan aan die pas gestigte Junior Primêre Skool, vandag bekend as die Junior Primêre Skool Nuwe Republiek. (256)

Die skool bestaan nog en is die grootste primêre skool in die Vryheidse distrik.

### 7.21.2 Akkommodasie en skooltoerusting

Met die ingebruikneming van die skool was die gebou nog nie voltooi nie en kon slegs drie klaskamers, waarin 127 leerlinge gehuisves moes word, betrek word. (257)

'n Verdere drie klaskamers kon op die derde September betrek word. Aan die begin van 1923 is nog twee klaska= mers van hout en asbes in gebruik geneem en was daar plek vir 260 leerlinge in die skool. In Februarie was die skool se getalle al 293 en moes die standerd 1 Engels= mediumklas van 59 leerlinge gehuisves word in 'n klaska= mer wat vir 30 leerlinge voorsiening gemaak het. Die twee asbesklaskamers het gedurende die somermaande on= draaglik warm geword. (258)

Teen 1928 was daar reeds 345 leerlinge in die skool en

---

(255) Logbook: Senior Primêre Skool Nuwe Republiek, 1951-05-15.
(256) Ibid., 1968-12-09.
(257) Ibid., 1920-08-31.
(258) Ibid., 1923-02-12.

moes selfs 'n badkamer as klaskamer ingerig word. In sommige klaskamers is petrolkaste as stoele gebruik. (259)

In 1931 is begin met die aanbou van die skoolsaal en verdere klaskamers. Die skoolsaal is aan die begin van 1932 in gebruik geneem. (260)

In 1947 is begin met die bou van 'n koshuis. Die koshuis is in Augustus 1948 in gebruik geneem, maar is aanvanklik gebruik om leerlinge van die Lucas Meyerskool te huisves. (261)

### 7.21.3 Leerlingtal

Leerlingtal aan die Senior Primêre Skool Nuwe Republiek

| Jaar | Ingeskrewe leerlinge | |
|---|---|---|
| 1920 | 269 | (262) |
| 1930 | 489 | (263) |
| 1940 | 499 | (264) |
| 1950 | 507 | (265) |
| 1960 | 553 | (266) |

---

(259) Logbook: Senior Primêre Skool Nuwe Republiek, 1928-10-17.
(260) Ibid., 1932-02-01.
(261) Ibid., 1948-12-08.
(262) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1920).
(263) Ibid. (NED 1930).
(264) Ibid. (NED 1940).
(265) Verslag van die Direkteur van Onderwys. (NED 1950).
(266) Ibid. (NED 1960).

| | | |
|---|---|---|
| 1969 | 690 | (267) |
| 1970 | 467 | (268) |
| 1975 | 521 | (269) |

Die skool is geopen met 95 ingeskrewe leerlinge. (270) As gevolg van uitbreiding in en groei van die distrik het die leerlingtal in 1929 alreeds vermeerder tot 540. (271)

Die skool moes by twee geleenthede leerlinge afstaan aan nuwe skole. In 1930 is die Primêre Skool Lucas Meyer geopen en het Nuwe Republiek se getalle verminder tot 430 in 1931. (272) In 1969 is die Junior Primêre Skool Nuwe Republiek geopen en het die skool se getalle gedaal van 690 tot 467 in 1970. (273)

Volgehoue uitbreiding in die distrik het die skool se getalle in 1975 weer op 521 te staan gebring. (274)

---

(267) Verslag van die Direkteur van Onderwys. (NED 1969).
(268) Ibid. (NED 1970).
(269) Ibid. (NED 1975).
(270) Logbook: Nuwe Republiek, 1920-08-03.
(271) Verslag van die Superintendent van Onderwys. (NED 1929).
(272) Ibid. (NED 1931).
(273) Verslag van die Direkteur van Onderwys. (NED 1970).
(274) Verslag van die Direkteur van Onderwys. (NED 1975).

### 7.21.4 Personeelvoorsiening

Die volgende persone het as hoofde diens gedoen by die skool:
Mej. B. Hicks (1920-), Mej. E.H. Müller (1923-), J.F. de Wet (1930-), E. Stumpf (1951-), T.D. Walsh (1954-), F.G. Smit (1975-). (275)

## 7.22 WAARDERING

Hoewel daar gedurende die dertiger- en veertigerjare in die Vryheidse distrik 'n groot aantal distrikskole bestaan het, het hulle getalle drasties verminder en bestaan die moontlikheid dat sommige van dié wat tans nog bestaan in die nabye toekoms ook sal moet sluit.

Soos elders in ons land het die distrikskole in die onderwysontwikkeling in die Vryheidse distrik 'n baie belangrike rol vervul. In die eerste plek het dit voorsien in die behoeftes en vereistes van primêre onderwys. Tweedens het hulle gedien as voedingsbron vir die sekondêre skool op Vryheid. Derdens het dit die kind, op 'n tydstip toe vervoerdienste nog nie so ontwikkel was as wat dit vandag is nie, in of naby die ouerhuis gehou waar die ouerlike invloed op die kind se ontwikkeling kan geld.

---

(275) Logbook: Senior Primêre Skool Nuwe Republiek, 1975-12-07.